

Musiek oor die hiernamaals en krag vir die hiernoumaals

Waar is die hemel? Die hemel is waar God is. Die woorde "al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is" dui op die goeie dinge wat God aan ons gee: verlossing, die gawes van die Gees, die vermoë om te doen wat Hy wil hê en die verwagting van die ewige lewe saam met Christus. Al hierdie seëninge kan gelowiges in beginsel nou reeds geniet. Dit is nie net toekomsmusiek oor die *hiernamaals* nie. Dit het ook krag vir die *hiernoumaals*.

In vers 7 verwys Paulus na "die bloed van Jesus" waardeur ons verlos is. Die "bloed" dui op die dood van Jesus. Sy dood en opstanding het twee wonderlike dinge bewerk, naamlik ons verlossing en die vergifnis van ons oortredinge en sonde. Ons "verlossing" herinner aan die destydse gebruik waarvolgens slawe verlos of vrygekoop is (vgl. Lev 25:47-54). Jesus Christus het deur sy dood die "koopprys" of "losprys" vir ons verlossing betaal. Daardeur het Hy ons vrygekoop van ons verslawing aan die sonde.

In die Ou Testamentiese tyd kon iemand vergifnis ontvang op grond van die bloed van 'n dier (Lev 17:11). Ons eie vergifnis is moontlik omdat Jesus sy "bloed" (sy lewe) gegee het. Hy het immers gesterf as die volmaakte offer (lees ook Rom 5:9, Ef 2:13, Kol 1:20, Heb 9:22, 1 Pet 1:19).

Die Here Jesus "skenk" genade. Dit beteken Hy gee sy genade verniet. God gee sy genade vrywillig uit liefde en aan die wat Hy verlos. Geen mens kan God se genade verdien nie. Eie inspanning tot goeie dade en werke is nie *sodat* ek verlos word nie, maar *omdat* ek as verlore kind uit dankbaarheid God wil loof en prys.

As jy iemand is wat maklik moedeloos word, en as jy soms wonder of jou lewe die moeite werd is, lees weer vers 11. Jy is nie maar sommer 'n nommer, 'n klein stofdeeltjie in die groot heelal nie. Al is daar min mense vir wie jy spesiaal is, hier lees jy dat jy vir God spesiaal is, so spesiaal dat Hy jou op jou naam geroep het (Jes 43:1) en in sy handpalms gegraveer het (Jes 49:16). Onthou, jou lewe is op God se radarskerm!

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 2, 3

Dr. Pieter Bingle (Kaapstad)